# MUSIEK VIR DIE JEUG

deur JOHANNES JOUBERT

DIE vorige keer het ons iets geleer van die belangrike persone, Dunstable en Dufay, twee manne wat hul stempel afgedruk het op die geskiedenis van musiek. Sonder die werk wat hulle gedoen het, sou dit daar vandag waarskynlik heel anders uitgesien het in die musiekwêreld. Die ontwikkelingsproses sou heelwat stadiger gewees het en dis moeilik om 'n denkbeeld te vorm in welke rigting dit sou geskied het.

Nou was daar in daardie tydperk 'n paar teoretici wat die ontwikkeling van die musiek van die dae verduidelik en verklaar het. Dit was Franchino Gafari (1451—1522), Johannes Tinchor 1446—1511), en Sebastiaan Virding (die datum van sy geboorte en sterwe is ongelukkig onbekend.)

Uit hul werk kan ons heelwat inligting put wat sal help om vas te stel in welke rigting die musikale vooruitgang gestrewe het. Miskien is die werk wat hulle gedoen het om die ontwikkeling en geskiedenis van die musiek te boek te stel, byna van eweveel waarde as die werk van die skeppers self, want daarsonder sou ons weinig begrip gehad het van die moeilikhede en die verskillende trappe in die groeiproses wat die kuns moes deurmaak.

Maar hoewel hierdie musikale geskiedskrywers heelwat kosbare inligting verskaf oor die musiek, hoor ons omtrent niks oor die lewe van die musici nie. Dis tog jammer, want ek weet nie of julle ook so voel nie, maar vir my is dit altyd mooi om die lewensgeskiedenis van mense te lees.

Volgens die geskiedkundige geskrifte het die Vlaamse invloed in Duitsland geen belangrike gevolge gehad nie. Kom ons egter by die vyftiende eeu, dan is daar in die Duitse skool ook manne wat vir die vooruitgang van die musiek groot betekenis gehad het. Daar is Heinrich Isaak, Adam van Fulda, Alexander Agricola. Laasgenoemde moet egter nie verwar word nie met Rodolf of liewer Hansman Agricola, een van die voorlopers van die Lutherse Hervorming; hy het in 1483 op twee-en-veertig-jarige leeftyd 'n vroeë dood gesterf.

Keer ons ons nou na Frankryk, dan sien ons dat daar, ten gevolge van die werk en invloed van Adam de la Hale en Machault, 'n soort musikale tradisie ontstaan het wat deurloop tot die helfte van die vyftiende eeu. Tog bemerk mens dat die invloed van die nuwe rigting wat aangegee is deur Dunstable in Dufay met hul leerlinge en volgelinge begin deurwerk totdat dit 'n vaste houvas kry op 'n man met die naam van Johannes Okeghem, 'n Vlaming of Zuid-Nederlander.

Vandag word algemeen aangeneem dat hy 'n leerling was van Dufay of van Dufay se leerling, Binchois, en ons lees dat hy die eervolle posisie beklee het van dirigent van die Chapel Royal in Parys.

Sy vernaamste bydrae tot die musikale rykdom van sy tyd het daarin bestaan dat hy die arbeidsvermoë van

## Koraalmusiek

'n sterk en helder-dinkende brein aangewend het om die reeds bestaande musikale stof as 't ware te weeg, te ontleed en te skif. Hiermee het hy aan alle musikale vakmanne wat ná hom in die musiek gearbei het, natuurlik 'n groot diens bewys.

Tog, en ook ten spyte van die feit dat sy naam verbonde is aan sekere ontwikkelings in die vroeë vorm van die kanon en fuga, word aan hom weinig betekenis toegeken, wat myns insiens nie heeltemal regverdig is nie. Dis waar, sy werk word duidelik beheers deur self-opgelegde verbodsbepalings, maar na my gedagte kenmerk dit 'n stadium in die groei van die kuns wat beslis noodsaaklik is vir goeie vordering.

Okeghem is opgevolg deur die hoogs belangrike Josquin des Prés, gebore in 1445 en oorlede in 1521.

Dit ly egter geen twyfel nie dat hy die pad bewandel het wat deur Okeghem gebaan is. Hy was 'n leerling van Okeghem en het volgens die gebruik van die tyd in die pouslike koor in Rome gesing. Dit skyn of dit destyds vir die meeste jong, ontluikende kunstenaars 'n soort skool was waar 'n deeglike grondslag vir latere vorming gelê is.

Josquin des Prés word deur baie musiekgeskiedskrywers van naam as die „eerste groot komponis" bestempel. Miskien is dit waar — ons sal daar nie oor stry nie. In alle geval was hy baie gelukkig dat hy juis gebore is in die tyd toe in Italië die groot ontwaking plaasgevind het en ook dat daar toe in die noorde reeds in tegniek bestaan het wat klaar ontleed en getoets was. Tog moet ons erken dat hy hierdie tegniek met verbasingwekkende gemak gehanteer het. Hy het daar eenvoudig alles uitgehaal wat daar in was — en nog 'n bietjie meer. D.w.s., hy het dit feitlik nog verder uitgebrei en ontwikkel.

Hy is seker die eerste komponis wie se voortbrengsele elkeen iets van 'n eie persoonlike karakter besit het. Dit is inderwaarheid 'n saak van baie groot belang. Hoewel Dunstable se werk oneindig hoër gestaan het as die werk van sy voorgangers, was sy musiek baie eensoortig. Dit het eenvoudig die woorde gepas — nie **by** die woorde juis gepas nie! — die **inhoud** van die woorde het heel gewoon geen invloed op die aard van die musiek gehad nie. Die musiek alleen het gegeld. Die besef het nog nie bestaan nie dat die **gees van die woorde** getrou weerkaats behoort te word in die musiek. As Dunstable dit besef het, sou hy baie van sy onderwerpe glad anders behandel het.

Josquin des Prés egter het gevoel dat daar agter in onder die musiek 'n stroom loop van die inhoud van die woorde, en dat daardie stroom **in die musiek** duidelik sigbaar behoort te wees. Die spreek tog vanself dat baie verskillende soorte menslike gewaarwordings nie maar almal presies in dieselfde musiekstyl weergegee kan word nie, al sou 'n mens dit in een geval miskien vininger en dan weer stadiger, droewig of op 'n sentimentele manier wil sing nie!

Hierdie waarheid kan meer in aanmerking geneem word, ook in ons land, deur mense wat musiek skrywe. Ek sien alte dikwels musikale voortbrengsels wat beslis glad geen siel besit nie, geen diepere ondergrond waarin ons, nog buite die woorde om, die suiwere vertolking voel van die gees wat daar in die woorde lewe. Bowendien bots die juiste aksente van die woorde nog dikwels op 'n hinderlike manier met die aksente in die musiek.

Dit behoort nie so te wees nie. Sulke dinge het geen kunswaarde nie. Nouja, dit is terloops.

Ons het nou eindelik gekom by die tydperk in die musiekgeskiedenis waarin die onmisbare grondbeginsels waarop die kuns moet berus, vasgelê is, en dis Josquin des Prés wat dit gedoen het, al bly dit waar dat Dunstable, Dufay en Okeghem die banbrekerswerk gedoen het.

Des Prés was die eerste komponis wat verstaan het dat stukke musiek net soos mense is — elke stuk moet duidelik 'n eie karakter besit en dit moet wees die gees wat ook in die woorde lewe. M.a.w. die musiek moet die suiwere weergawe van die inhoud van die woorde wees.

In sy pogings om in musiek die betekenis van woorde uit te druk, het hy heelwat belangriks ontdek. Ten eerste het hy gesien dat, aangesien musiek gesing moes word, die musiek ook duidelik uit frases of sinne moes bestaan, en dat hierdie sinne nie mooi verstaanbaar vir 'n hoorder kan wees nie tensy dit op 'n bevredigende harmoniese skema gegrond is.

As ons die musiek nagaan wat voor sy tyd gekomponeer is, dan sal ons sien dat daar baie maal sommer willekeurige en betekenislose, dissonante akkoorde voorkom wat niks anders doen as feitlik die hele stuk bederf nie. Des Prés het dit ook raakgesien en dit het hom vererg; hy het daarvan gesê dat dit musikaal nie logies was nie, en bygevolg verkeerd en corbodig. En julle sal seker met my

(Vervolg op bladsy 40.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# KORAALMUSIEK

(Vervolg van bladsy 37.)

saamstem dat dit al 'n groot stap in die regte rigting was.

Hy het altyd reguit met sy oortuigings voor die dag gekom en sy uiterste bes gedoen om daardie dinge te verbeter wat verkeerd was en 'n musikale gees fyn aangedoen het.

Hy het baie nuwe metodes gebruik wat aan 'n komponis veel meer vryheid van beweging gee en die werk veel interessanter gemaak het. Die erns en ywer waarmee hy na sy doel gestrewe het, was merkwaardig vir die tyd waarin hy gelewe het.

Nou moet julle darem nie dink dat Josquin des Prés heeltemal volmaak was as toonkunstenaar nie! O nee, daar kom in sy werk ook wel voorbeelde voor van geweldig meganiese of geforseerde vernuftigheid, maar dan moet ons dadelik weer toegee dat dit ook maar 'n onvermydelike verskynsel was in die groeiproses van die kuns. Dit sou nie eerlik wees om hom daarom te veroordeel nie. Hy was maar net 'n soeker na vryheid van uitdrukking, vryheid van musikale skildering, en vryheid van tegniese ontwikkeling.

Volgende keer let ons op 'n paar van sy tydgenote en wat hulle gedoen het.

Hiermee dan, tot later!

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012